

Geagte Dr Els

Ek lewer graag kommentaar op my kollega mnr Juan Kotze se bespreking van die regsposisie aangaande die gebruik van Artikel 15- en 16-vuurwapens vir selfverdediging.

Om meer duidelikheid oor die onderwerp te kry is dit eerstens nodig om die vraag wat gevra word te heromskryf na **mag 'n persoon 'n vuurwapen wat hy vir sportskiet of jag gemotiveer, en dit as sulks gelisensieer is, as sy primêre selfverdedigingswapen gebruik.**

Die antwoord vind ons in die bepalings van die Wet op Vuurwapenbeheer 60 van 2000 (die Wet).

Die doel en oogmerk van die Wet, oftewel die bedoeling van die wetgewer, moet bepaal word deur die Wet in die lig van die fundamentele regte vervat in die Grondwet uit te lê. Daarvoor moet 'n praktiese inklusiewe benadering gevolg word waar die teks van die Wet, die voorrede, lang titel, doeluiteensetting en opskrifte van hoofstukke en artikels onder andere as interne interpretasie-hulpmiddels gebruik word.

Dit moet ook deurentyd in gedagte gehou word dat die "reg" om vuurwapens te besit nie in Suid-Afrika van regsweë gewaarborg word nie. Verder is die Wet publieke belang-wetgewing waar die belange van die individu moet buig voor die belang van die gemeenskap.

Die bepaalde en tersaaklike gedeeltes van die Wet lees as volg:

Voorrede

"AANGESIEN elke persoon beskik oor die reg tot lewe en die reg tot die veiligheid van die persoon, wat insluit, ondermeer, die reg om vry te wees van alle vorme van geweld van óf publieke óf private oorsprong;

EN AANGESIEN die toereikende beskerming van sodanige regte grondliggend is aan die welsyn en die maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling van elke persoon;

EN AANGESIEN die toenemende beskikbaarheid en misbruik van vuurwapens en ammunisie beduidend tot die hoë vlakke van geweldsmisdade bydra;

EN AANGESIEN die Grondwet 'n plig plaas op die Staat om die regte soos vasgelê in die Handves van Regte te respekteer, te beskerm, te bevorder en te verwesenlik;"

Lang titel

Ten einde 'n omvattende en doeltreffende stelsel van vuurwapenbeheer in te stel; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

Doeluiteensetting

Die doel van hierdie Wet is om —

- (a) die grondwetlike reg op lewe en liggaamlike integriteit te bevorder;
- (b) die toename van onwettige besit van vuurwapens te voorkom en, deur voorsiening te maak vir die verwydering van hierdie vuurwapens uit die gemeenskap en deur verbetering van beheer oor die wettige besit van vuurwapens, misdaad waarby vuurwapens gebruik word, te voorkom;
- (c) dit vir die Staat moontlik te maak om vuurwapens wat onwettig besit word uit die gemeenskap te verwyder, die voorsiening, besit, veilige bewaring, oordrag en

- gebruik van vuurwapens te beheer en die nalatige en kriminele gebruik van vuurwapens op te spoor en te straf;
- (d) 'n volledige en doeltreffende stelsel van vuurwapenbeheer en bestuur in te stel; en
 - (e) die doelmatige monitering en afdwinging van wetgewing betreffende die beheer oor vuurwapens te verseker.

Opskrif van Hoofstuk 6

LISENSIE OM VUURWAPEN TE BESIT

Opskrifte van -

Art 13 — Lisensie om vuurwapen te besit vir selfverdediging

Art 15 — Lisensie om vuurwapen te besit vir geleentheidsjag en sportskiet

Art 16 — Lisensie om vuurwapen te besit vir toegewyde jag en toegewyde sportskiet

Uit bogemelde is dit duidelik dat die hoofdoel van die Wet die beskerming van die reg op lewe is en ten einde die oogmerk te verweselik die Staat onder andere die gebruik van vuurwapens wil beheer. Die begrip "gebruik" is natuurlik nie beperk tot die afvuur van 'n vuurwapen nie, maar sluit ook die hantering en saamdra van die vuurwapen in.

Die beheer van gebruik vind beslag in die betrokke artikels van die Wet wat bepaal dat vuurwapens vir 'n bepaalde gebruiksdoel gelisensieer word, te wete selfverdediging, sportskiet of jag.

Die toestaan van 'n vuurwapenlisensie vir selfverdediging word uitdruklik beperk tot een handwapen of een handstuur haelgeweer en alleen indien die applikant die nodigheid vir 'n selfverdedigingsvuurwapen kan aantoon wat nie op 'n ander redelike wyse gevul kan word nie.

Die algemene bepaling wat in elkeen van die betrokke artikels voorkom tot die effek dat 'n vuurwapen gebruik mag word waar dit veilig is om te doen en vir 'n wettige doel kan nie so uitgelê word dat die die doel van die wetgewer verydél nie. Dit skep veral nie 'n oop gebruikskategorie waar die lisensiehouer *ex post facto* die lisensiëringsproses self kan besluit om die primêre gebruiksdoel van die betrokke vuurwapen te verander van sportskiet/jag na selfverdediging nie.

Dit moet nooit uit die oog verloor word dat daar 'n regsplig op 'n applikant rus om te verseker dat die inligting en motivering wat hy aan die Registrateur verskaf het met sy aansoek om 'n vuurwapenlisensie waar en korrek is. Hy dra voorts 'n regsplig om die Registrateur skriftelik in kennis te stel indien daar enige verandering sou intree rakende die inligting verskaf met die doen van die aansoek om 'n lisensie.

Mnr Kotze het reeds daarop gewys dat die verskaffing van vals inligting 'n misdryf i.t.v. die Wet is wat potensieel strafbaar is met 5 jaar gevangenisstraf en tot onbevoegdheidsverklaring om 'n vuurwapen te besit aanleiding mag gee.

Wat nie genoem word nie is dat artikel 120(1) enige oortreding van of nalate om aan al die bepalings van die Wet te voldoen strafbaar stel. In soverre daar nie 'n spesifieke strafbepaling in die Wet vervat is by skuldigbevinding aan sodanige oortreding nie, beteken dit bloot dat dit aan die diskresie van die Hof oorgelaat word om 'n gepaste vonnis te bepaal.

Verstaan asseblief dat dit spesifiek gaan oor selfverdedigingswapens en die potensiële impak wat die besit daarvan op die primêre doelstelling van die Wet — die beskerming van die reg op lewe — mag hê. Eenvoudig gestel, die wetgewer wil nie hê dat selfverdedigingsvuurwapens algemene besit moet word nie, daarom die beperkings in artikel 13 vervat.

Dit beteken egter nie dat 'n persoon glad nie 'n sportskiet- of jagwapen mag gebruik om homself, sy gesin, ander persone of selfs sy besittings te verdedig nie. Die gewilde voorbeeld van 'n persoon wat op pad na of met sy terugkeer vanaf die skietbaan of jagveld aangeval word en hy in noodweer sodanige vuurwapen gebruik kom dadelik op. Dieselfde kan gesê word van 'n persoon wat sodanige vuurwapen by sy woning gebruik tydens 'n aanval — noodweer kan moontlik as 'n verweer geopper word.

Wees egter gewaarsku dat die beroep op noodweer 'n komplekse begrip is wat met groot omsigtigheid hanteer moet word, met elke geval wat op eie meriete en feite beoordeel sal word.

Noodweer neem egter nie die verpligting van die vuurwapeneienaar af weg om behoorlike beheer oor sy vuurwapen uit te oefen nie. Dit gee nie jou vrou of enige ander persoon die reg op vrye en ongemoniteerde toegang tot jou wapens nie.

Ek merk ook dat wanneer daar oor die saamdra van vuurwapens gepraat word dit gewoonte geword het om slegs die bepalings van die Wet en Regulasies te meld. Hou egter in gedagte dat daar ook provinsiale wetgewing geld wat betref die vervoer van vuurwapens op openbare paaie waar daar wild voorkom of mag voorkom.

So bepaal die Limpopo Environmental Management Act 7 van 2003 byvoorbeeld dat geen persoon 'n vuurwapen — uitgesonderd 'n handwapen met 'n looplengte van nie meer as 102mm nie — op 'n openbare pad mag vervoer wat oor grond loop waar daar wild of eksotiese diere op is of moontlik mag voorkom, tensy die vuurwapen ongelaai in 'n sak, tas of houer ontwerp vir die doel toegemaak is.

Die Gauteng Natuurbewaringsordonnansie 1983 het 'n soortgelyke bepaling, behalwe dat dit in plaas van 'n handwapen verwys na 'n rewolwer of pistool waarvan die looplengte nie meer as 100mm is nie.

Die Mpumalanga Nature Conservation Act 1998 gaan verder deur te verwys na 'n handwapen, menende 'n rewolwer of pistool bedoel vir selfverdediging en ontwerp om in 'n holster wat aan die persoon se lyf vasgemaak is te dra.

So het die meeste van die ander provinsies ook bepaalde beperkings op die vervoer van vuurwapens op openbare paaie.

Hierdie is waarskynlik nie die laaste woorde wat oor hierdie onderwerp geopper gaan word nie. Die feit bly egter staan dat dit 'n netelige kwessie is wat met verantwoordelikheid hanteer moet word.

Vriendelike groete

Kobus Boshoff.